

ST. BARTOLOMEUS

24 AUGUSTUS

“Kyk, hy is waarlik ‘n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie.” So beskryf Jesus self sy apostel Bartolomeus, wat ook Nataniël genoem word in die Evangelies. Hy was duidelik ‘n versigtige en diep mens wat nie sommer agter gerugte en praatjies aangeloop het nie. In Jesus vind hy die doel van sy lewe en bely hy: *“Rabbi, U is die Seun van God, U is die koning van Israel.”* Hy laat alles agter en volg Jesus vir die res van sy lewe. Ná Jesus se Hemelvaart verkondig hy die Evangelie ver en wyd en sterf uiteindelik ‘n marteldood in Armenië.